# A Brave New World week 1

## Here be Giants

## Numeri 13 en 14




## Inleiding  (welcome)

Ons wêreld is tot stil stand gedwing deur die dood van George Floyd in die VSA en die opstande en geweld wat daarop gevolg het.

> **Wat dink julle moet 'n gesonde Christen-reaksie daarop wees?** Gee vir elkeen in die groep 'n kans om hieroor te gesels en hul standpunt te motiveer.
>
> Dit sal goed wees om ook die vraag te vra: Wat sê die Bybel hieroor? (*Hierdie is sommer 'n lekker oefening om te kyk hoe ons die Bybel toepas in alledaagse situasies...)*

**Edward Burke het eenmaal gesê: *"The only thing necessary for the triumph of evil is for good men to do nothing."***

*Wat kan ons doen om boosheid /evil in onsself en in ons* wêreld teen te staan? (*Dit is belangrik om in so 'n gesprek eers na onsself te kyk...)*

## Skriflesing 1:  Lees Numeri 13:1-2, 27-33

- Elkeen van die 12 stamme wys een leier aan wat die Beloofde Land moes gaan verken. Maar 10 van die 12 sien nie kans om die land in te trek nie. Wat is hulle verskoning?

- **Hulle is bang vir die reuse!** Maar om eerlik te wees is daar in elkeen van ons se lewens sake wat vir ons soos reuse voel, sake wat te groot is, wat ons nie dink ons sal kan oorkom nie. Wat is hierdie sake in jou lewe?

- **God se belofte is 'n land van melk en heuning.** Wat dink julle beteken hierdie uitdrukking en watter belofte is daarin opgesluit?

## Skriflesing 2:  Lees Numeri 14:1-10, 20-24

- Dit is hartseer skokkend om te hoor dat hulle lliewers wil **teruggaan Egipte toe en woestyn toe.**

- Watter aantrekkingskrag het die bekende, selfs al is dit iets wat die lewe vir my baie moeilik maak?

- Watter negatiewe en slegte goed oor Egipte en oor die woestyn het hulle vergeet?

- **Maar Josua en Kaleb was anders – hulle het geweet dat dit nou 'n tyd was om op te staan vir dit wat hulle glo** – ***"Now is the time for change".*** En die rede waarom hulle anders opgetree het, was omdat hulle 'n ander gesindheid gehad het -14:24.

    - Lees hierdie vers in ander vertalings (NIV, The Message) ook en kyk watter ander perspektief dit gee aan hierdie gedagte?

- **Watter gesindheid dink julle soek God by ons in 'n nuwe vreemde situasie? Watter gesindheid dink julle gaan die grootste verskil maak?** *(Onthou: Ons is nou weer voor 'n nuwe vreemde situasie wat ons gaan challenge om met 'n ander gesindheid op te tree.)*

## Ons uitdaging is: (*works*)

i. Hoe kan jy evil teenstaan binne-in jou en in jou omgewing.
ii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Begin deur eers net vir God **dankie** te sê
2. Dra al die "reuse" wat elkeen genoem het aan die Here op en bid vir sy verlossing daarvan.
3. Vra die Here om vir julle 'n ande rhart en gesindheid te gee.
4. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.